

Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

[www.enigstetroos.org](http://www.enigstetroos.org)



Lees: Jes.40:12-31

Teks: Jes.40:27-31

Datum: 31 Desember 2012

Psalms: 89:1,7; 146:3; 103:3,7; 146:8

## 1. Inleiding

'n Kenmerk van vele kerkmense in ons tyd is **MOEDELLOOSHEID**. Ons is swartgallig oor die toekoms, oor 2012. Want kyk ons terug op 2011 sien ons die vreeslike agteruitgang in die kerk: Die getalle daal; mense raak al hoe meer lou, koud en onverskillige; ons hoor van vreemde leringe; kerklike vergaderings neem vreemde besluite, dinge wat ons 10, 20 jaar gelede nooit sou gedink het nie. Dit is 'n skynbaar onstuitbare vloedgolf. Dit maak 'n mens so moeg, so moedeloos. 'n Mens raak moeg - moeg geveg, moeg gestry. Ons voel dat ons nie meer krag het om te keer nie.

Maar weet u wat is ten diepste **ONS PROBLEEM**, die rede waarom ons so moedeloos raak?

Twee dinge:

1. **Ons sien God nie meer nie staan in ons lewe nie;** en
2. **ons dink God sien ons nie meer nie.**

En as ons eers so ver is, het ons geen krag meer nie.

Hoe kan ons weer krag kry, nuwe krag, om aan te gaan, om die goeie stryd te stry?

Ek vestig in verband met ons teksgedeelte u aandag op twee punte:

1. op die **Gewer** van nuwe krag en
2. die **ontvangers** van nuwe krag

### 2.1. Die Gewer van nuwe krag

Dit was 'n moedelse hokie mense, die klomp Jode daar in Babel, in ballingskap. Hulle het geen krag meer gehad om verder te stry nie. Dit het regtig gelyk asof die vyande van kerk die oorwinning behaal het: Jerusalem, die stad van God, is deur die Babiloniërs in puin gelê; die tempel van die HERE is deur Nebukadnesar verwoes; en die volk van die

HERE, die kerk, is in ballingskap weggevoer. Hulle was so moeg, so oneindig moeg. Hulle was so ontsaglik moedeloos.

Voel vele en vele gelowiges vandag nie ook maar so nie? Op 'n punt sien jy net nie meer kans om verder te stry teen alles wat verkeerd is in kerk en samelewing nie. Jou krag is absoluut getap. Jy kan nie meer nie. Alles het net te veel geword: die afdwalings in die kerk, die siekte waarmee jy worstel, die probleme in jou gesin, die verdriet wat jy het om te dra, die dood van iemand na aan jou.

Ook in ons tyd lyk dit asof die vyande van die kerk die oorhand het. Aan alle kante behaal die duiwel sy oorwinnings: Dit voel en lyk asof daar van die kerk en die suiwer leer niks meer gaan oorbly nie. Daarby kom die magtige media, die koerante en radio en TV: Die vreemdste dinge word verkondig deur hulle verkondig en 'n massa kerkmense eet dit vir soetkoek op. Deur populêre boeke word al hierdie dinge in ons huise ingedra.

Die kerk word verdruk en onderdruk. Maar dit was nie al waarmee die Israeliete te worstel gehad het nie. Uit vers 27 kan ons aflei dat hulle gevoel het: Ons weg, ons lewenspad, is vir die HERE verberg. Hy sien dit nie. Die bittere onreg wat die vyand sy kerk aangedoen het - dit gaan skynbaar by God verby. Dit was seker nog die ergste. Blykbaar het hulle dit ook *gesê*: Ons lewensweg is vir die HERE verberg en ons reg gaan by ons God verby.

Hoe antwoord die profeet die moedelose, hierdie tot die dood toe uitgeputte, kragteloze volk?

Deur hulle aandag te vestig op God: **Wie en wat die HERE is**. Dit is belangrik om te weet Wie en wat God is. As jy dit weet, as jy besef wat jy aan Hom het, ontvang jy nuwe krag. Maar is dit nie juis die probleem in die kerk vandag nie? Die aandag word veels en veels te veel gevestig nie op God nie, maar op die mens en wat die mens moet doen – die swak mens, die hulpelose mensekind, die tot die dood toe vermoeide mens, die mens wat wegsink onder die las van al sy sondes en al sy probleme. Nee, dit doen Jesaja nie. Die profeet vestig nie ons aandag op die mens nie. Inteendeel, hy sê vir ons: Kyk na God!

**Reeds voor ons teksverse, in verse 12 tot 26, begin hy daarmee.** U moet ons teksverse beslis nie losmaak van die voorafgaande verse nie. Want in daardie verse laat Jesaja die

grootheid van God sien. Hy wys ons: Die HERE staan ver bo alle afgode en kerkvyandige magte. Immers, Hy, die God van Jakob, is die Skepper van hemel en aarde. Kyk na God, sê Jesaja. En dan gaan staan die profeet as t' ware voor ons en met die vinger wys die profeet na die sterre (soos die HERE eenmaal ook met Abraham gedoen het) en hy sê: Mense, "slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape?" Die HERE, die God van Israel! Die God van die kerk! Onse God! En nie alleen het Hy die sterre geskape nie, maar elke aand laat Hy die sterre opnuut uittrek soos 'n goed georganiseerde leer. Dit doen Hy, omdat Hy so sterk so almagtig is. Sien julle, sien julle hoe sterk julle God is?, wil die profeet vir sy verslae mede-lidmate sê.

En dan kom die profeet by die Israeliete se klag. "Waarom sê jy dan, o Jakob, en spreek jy, o Israel: My weg is vir die Here verborge, en my reg gaan by my God verby?" Dit is 'n aanklag. Die profeet verwyt die Israeliete: Hoe op aarde kan julle dit ooit sê. "Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige God is die HERE, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgronding van sy verstand nie".

Daarmee sê Jesaja vir die moedelose Israeliete: So is die God wat met julle 'n verbond gesluit het:

- Hy kan dra wat julle nie kan dra nie. Immers Hy is tog die Skepper van alles. Sal Hy dan nie ons verdriet kan dra en selfs ons ondraaglike probleme op sy almagtige skouers kan lig nie? Ons beswyk daaronder. Ons kom op die punt van kan-nie-meer nie. Maar so is God nie. Hy word nie moeg of mat nie, sê Jesaja.
- Die profeet sê verder: Daar is geen deurgronding van sy verstand nie. Hy weet alles. Ons het uiteindelik geen raad meer met al ons probleme nie. Maar so is God nie.

Kyk na God, sê Jesaja. Kyk na God, sê die NT vir ons. Wil u as Nuwe Testamentiese gelowiges hierdie God van u sien? Daar op Golgota, daar aanskou ons Hom. Daar het Hy, die Seun van God, sy skouers gesit onder die ondraaglike las van ons lewe: die sonde. En ja, ja, daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegdra. Deur sy dood het Hy die oorsaak van ons ewige honger en kommer, naamlik die sonde, weggeneem.

Die HERE "gee die vermoeide krag", sê Jesaja. Wil u weet hoe? Deur ons aandag te vestig op dit wat Hy is en wat Hy doen. Deur ons op die verlossing en die heerskappy van sy Seun te wys. In die lyding en oorwinning, in die sterwe en opstanding van sy Seun sien ons sy krag onthul. Immers daardeur word die sonde en die dood oorwin. Hy regeer en nie die duiwel en die kerkvyandige magte nie. En wie dit weet, ontvang nuwe moed en nuwe krag.

Weet u wat is die grootste probleem van die kerkmens van ons tyd? Dat ons God nie meer sien nie. Ons is soos Petrus: Ons staar ons blind teen die magtige golwe wat op ons aangerol kom. Dit sien ons, maar Jesus sien ons nie meer nie. Daarom: Kyk na God! Kyk na die Seun van God, die Almagtige, die Oorwinnaar! Verstaan tog wat Hy is en wat Hy vir u wil wees. Sien sy kruisliefde – liefde sonder weerga, 'n oplossingsliefde.

## 2.2. Die ontvangers van nuwe krag

In vers 30 en 31 is daar 'n groot teenstelling. Ons lees daar: "Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs; **MAAR** die wat op die Here wag, kry nuwe krag". Dit gaan hier om twee groepe wat teenoor mekaar staan: ENERSYDS is daar die jongmanne, ANDERSYDS die wat op die HERE wag.

1. Kom ons begin by **GROEP 1: die jonges, die jongmanne**. Jongmanne is mos die toonbeeld van moed en krag. As jy jonk is, dink jy dat jy alles kan doen. Daarmee wil Jesaja sekerlik nie net die jongmense in die kerk aanspreek nie. Hy gebruik dit slegs as beeld van die mens wat in homself nog so sterk voel. Dit is beeld van die mens wat meen: Ek kan self my probleme hanteer. Ek het God nie nodig nie. Dit geld nie alleen jongmense nie. Daar is ook jongmense wat in groot afhanklikheid van die HERE leef. Andersyds is daar ook bejaardes wat tot die dag van hulle dood toe God nie nodig het nie.

Maar hoor wat sê Jesaja van hierdie groep: "Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs". Eintlik staan daar: **Hulle struikel sekerlik**. Sonder God sal ons beslis val. Sonder Hom sal alles definitief vir ons te veel word.

2. Maar teenoor hierdie groep, staan 'n ander groep, **GROEP NOMMER 2: die wat op die HERE wag**. "Maar die wat op die HERE wag". **Maar** – op die "maar" lê

die nadruk. Daar is ook ander mense as die jongmanne. Daar is ook ander mense as daardie mense wat op eie krag vertrou, die onafhanklikes van God. Dit is die mense "wat op die HERE wag". Ons kan dit ook vertaal met "hoop": die wat op die HERE hoop.

Die kenmerkende van hierdie groep is: Hulle het opgehou steun op eie krag. Hulle verwag alles van God.

Dit is mense, wat **deur die genade van God** aan die einde van hulle kragte gekom het. Dit is die mense wat tot die besef gekom het: ***Ek*** het geen krag nie, maar ***God*** het alle krag; ***ek*** is onmagtig, maar ***God*** is almagtig. Dit is genade om dit te weet.

En dit is hierdie laaste groep wat die ontvangers is van die nuwe krag.

In sy bergrede sê Jesus: Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Ons kan ook maar sê: Salig is die wat geen krag het nie, wat brandarm is aan eie krag. Salig is hulle, want hulle sal krag ontvang. Salig ...

Salig hy wat in die lewe,  
sonder hulp en sonder raad,  
as hom alles wil begewe,  
vlug tot God, sy toeverlaat;  
en ook in die swartste nag  
op die HERE alleen bly wag. (Ps.146:3)

"As ek swak is, dan is ek sterk", sê Paulus in 2 Korintiërs 12 vers 10. Daarmee bedoel hy: As ons ophou om op onself te steun, as ons weet hoe swak ons is, as Christus ons krag en ons sterkte is, dan is ons sterk. Dan lê ons krag nie meer ***in*** ONS nie, maar ***buite*** ONS. Dan lê ons krag in die Seun van God: in sy heerskappy en in sy oorwinning en in sy sorg vir sy kerk.

### 3. Slot

Ons kom nie vanself tot die besef van ons eie onmag nie. God moet ons daarvan oortuig. Van nature is ons ook almal blind vir God. Ons sien Hom nie en ons het geen oog vir God en sy Skeppersalvermoeë nie. God moet ons die oë gee, die oog van die geloof. En dit doen die HERE deur sy Woord.

- ***Deur die Woord sien ons God weer raak.*** Deur die Woord sien ons Wie en Wat Hy is. Deur die Woord oortuig Jesaja die Israelite en ons: Die HERE is die almagtige. Hy staan ver bo al die magte wat teen sy kerk stry.
- ***Deur die Woord leer ons ook dat God ons raaksien.*** Hy laat sy kerk nie los nie. Inteendeel, Hy gee soveel om vir sy volk, dat Hy sy Seun vir ons gegee het. En – sy duurgekoopte eiendom hou Hy sonder ophou in sy almagsgreep.

En as ons God weer sien staan in ons lewe, kry ons nuwe krag vir die stryd van elke dag van 2010. **DAN IS HY, DIE HERE, ONS KRAG.**

Dit is soos Ps.89:7 sing:

*U* tog, *U* is hul roem, hul sieraad en hul prag,  
 wat hul bekleed met sterkte en onverwinb're mag.  
 Uit vrye guns alleen, uit ewige mededoë,  
 hef ons die hoof omhoog, ***weer sterk deur Gods vermoë.***  
 Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe;  
 en onse Koning is deur Isr'els God gegewe.

AMEN